education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE VRAE
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig en neem deeglik kennis van wat verlang word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Tensy daar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van die antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydstoekenning wanneer vrae beantwoord word.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **1** | **A: Meervoudigekeuse-vrae, Waar/Onwaar, Pasitems. VERPLIGTEND** | **40** | **30 minute** |
| **2** | **B: DRIE vrae VERPLIGTEND** | **60** | **30 minute** |
| **3** | | **60** | **30 minute** |
| **4** | | **60** | **30 minute** |
| **5** | **C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.** | **40** | **30 minute** |
| **6** | | **40** | **30 minute** |
| **7** | | **40** | **30 minute** |
| **8** | | **40** | **30 minute** |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts. .

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11.B

1.1.1 Watter EEN van die volgende is 'n funksie van 'n werkplekforum.

A Verseker dat werkgewers by maatskaplike verantwoordelikheidsprogramme betrokke is..
B Beplan personeelfunksies.
C Gesamentlike deelname deur werkgewers en werknemers aan arbeidsaangeleenthede.
D Onderhandel vir lenings namens die onderneming.

1.1.2 Jane leen R20 000 by ABSA Bank vir een jaar teen 'n koers van 18% p.j. Die totale bedrag betaalbaar sal dus … wees.

A R36 000
B R3 600
C R20 018
D R23 600

1.1.3 'n Kandidaat vir 'n vakante pos word 'n werknemer van die maatskappy sodra die …

A werknemer sy/haar eerste salaris ontvang.
B indiensnemingskontrak geteken is.
C onderhoud afgehandel is.
D werwingsmaatskappy hom/haar skakel.

1.1.4 Frozen Foods (Edms.) Bpk. besluit om 'Chinese roerbraai' by hulle bestaande produkreeks te voeg. Die beste manier om die nuwe produk te ontwikkel is om …

A meer verkoopspersoneel in diens te neem.
B mededingers se produkte te verkoop.
C die produktemark te vergroot.
D die fases van produkontwikkeling te analiseer.

1.1.5 Die besigheidsorganisasie het volle beheer oor die …-omgewing.

A mark
B makro
C mikro
D wêreld

1.1.6 Hierdie vorm van eienaarskap bepaal 'n maksimum van tien lede:

A Beslote korporasie
B Vennootskap
C Publieke maatskappy
D Privaat maatskappy

1.1.7 Die beste manier om konflikte op te los, is om …

A die betrokke werker te bevorder.
B konflikkwessies aan te roer en op te los.
C die betrokke werker te ignoreer.
D die betrokke werker te verplaas.

1.1.8 'n Induksieprogram handel oor die …

A verplasing van 'n werknemer na 'n nuwe departement in die besigheid.
B voorbereiding van werknemers vir aftrede.
C voorbereiding van personeelfunksies.
D bekendstelling van nuwe werknemers en hulle voorbereiding vir hulle nuwe verantwoordelikhede.

1.1.9 'n Proses om iets nuuts te ontwikkel wat waardevol en bruikbaar is:

A Stresbestuur
B Kreatiewe denke
C Konflikbestuur
D Arbeidsverhoudinge

1.1.10 Wie is verantwoordelik vir die kies van 'n geskikte verkoops-bestuurder vir 'n groot maatskappy?

A Hoof Uitvoerende Beampte
B Aandeelhouer
C Besturende direkteur
D Menslikehulpbron-bestuurder (10 x 2) (20)

1.2 Kies die begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter wat die antwoord aandui (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Verseker dat 'n bedrag aan die naasbestaandes uitbetaal word by die afsterwe van die versekerde persoon | A insubordinasie |
| 1.2.2 Verkry spesialiste van buite die onderneming om 'n spesifieke taak te verrig | B gehaltebeheer |
| 1.2.3 Weerstand teen of uitdaging van gesag | C Wet op Vaardigheidontwikkeling |
| 1.2.4 Maatreëls om afwykings van vasgestelde standaarde met betrekking tot die produksie van 'n produk of diens te identifiseer, elimineer en te voorkom | D Wet op Gelyke Indiensneming |
| 1.2.5 Verplig werkgewers om geleenthede vir werknemers te voorsien om nuwe vaardighede te verwerf | E uitkontrakteer |
| | F effektetrust |
| | G lewensversekeringpolis |
| | H aandele |
| | I kwaliteitskringloop |

(5 x 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Produktiewe spanne geniet oop kommunikasie.

1.3.2 'n Strategie is 'n sistematiese aksieplan om die doelwitte van 'n onderneming te bereik.

1.3.3 Die Wet op Arbeidsverhoudinge verbeter die indiensnemingsmoontlikhede van benadeelde opgeleide werkers.

1.3.4 Die Delphi-tegniek kan deur bestuurders van besighede gebruik word om probleme op te los.

1.3.5 Alle regeringswerknemers word deur die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) verplig om 'n MIV/Vigstoets te ondergaan.

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

## VRAAG 2

2.1 Die volgende vrae handel oor SETA (Sektorale Owerheid vir Onderwys en Opleiding).

2.1.1 Verduidelik SETA se bydrae tot die versekering dat goeie vaardigheidsontwikkeling plaasvind. Illustreer deur enige TWEE voorbeelde te gebruik. (8)

2.1.2 Beskryf hoe SETA befonds word. (2)

2.2 Die volgende vrae handel oor BBSEB.

2.2.1 Waarvoor staan die letters BBSEB? (2)

2.2.2 Gee redes vir die instelling van BBSEB-wetgewing deur enige TWEE voorbeelde te verduidelik. (6)

2.2.3 Stel TWEE maniere voor waarop die BBSEB-wetgewing in 'n maatskappy, wat 'n groot bosbouplantasie het, aangewend kan word. (4)

2.3 Vir elke stelling hieronder, identifiseer die besigheidssektor waarmee dit verband hou en gee 'n rede vir jou antwoord.

2.3.1 'n Maatskappy met 'n groot bosbouplantasie (4)

2.3.2 'n Raffinadery waar steenkool tot petrol verwerk word (4)

2.4 Beantwoord die volgende vrae oor die Wet op Gelyke indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998):

2.4.1 Gee die hoofdoel van die Wet op Gelyke Indiensneming. (2)

2.4.2 Evalueer die uitwerking van hierdie wet op besigheidsbedrywe. (4)

2.4.3 Maak TWEE voorstelle oor maniere waarop die regering tot die suksesvolle implementering van hierdie wet kan bydra. (4)

2.5 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**Grinaker-LTA se bydrae tot die gemeenskap**

Grinaker-LTA streef daarna om te verseker dat sy werk soveel as moontlik mense bevoordeel, terwyl dit stabiliteit en sekuriteit vir toekomstige geslagte voorsien. Die groep het hulle daartoe verbind om 1% van hulle jaarlikse verdienste aan Korporatiewe Sosiale Investering (KSI) te bestee.

Aansienlike bedrae is aan die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI) bewillig, 'n organisasie wat in die lewe geroep is om 'n besigheid se bydrae tot Suid-Afrika se sukses te verhoog. Die NBI se drie hoofpilare om die posisie van gewone Suid-Afrikaners te verbeter, is onderwys, ekonomiese groei en effektiewe regering.

Die groep het onlangs fondse toegeken vir opvoedkundige materiaal vir die Wiskunde-sentrum vir professionele onderwysers en die SAICE Skole-brugbou-kompetisie waarvan die oogmerke is om bewustheid en belangstelling onder sekondêreskool-leerders in die siviele-ingenieurs-professie te verhoog.

Dit is bykomend tot die hulp wat verleen is vir die opgradering van bestaande skole en die bou van nuwe skole in voorstedelike en plattelandse gebiede.

[Aangepas uit: www.grinaker-lta.com]

2.5.1 Identifiseer TWEE sosiaal verantwoordelikheidsprogramme wat deur Grinaker-LTA vir die gemeenskap geïmplimenteer is. (4)

2.5.2 Regverdig die besluit van Grinaker-LTA om 1% van hulle jaarlikse verdienste aan KSI te bestee, met betrekking tot sowel die maatskappy self as die gemeenskap. (8)

2.6 Umzinto Sugar Bpk. het 'n vakature vir 'n finansiële rekenmeester. Jy is die menslikehulpbron-bestuurder van hierdie maatskappy. Omskryf VIER stappe in die werwingsproses wat jy, as menslikehulpbron-bestuurder, sal volg om hierdie vakature te vul. (8)

**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Met verwysing na etiek en professionele gedrag, verduidelik die volgende in die werksplek of industrie. Gebruik 'n voorbeeld om elke saak te illustreer.

3.1.1 Onetiese reklame (4)

3.1.2 Seksuele teistering (4)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Is jy entrepreneur-materiaal?**

Entrepreneurs …

1. is optimistiese en doelgerigte mense met 'n sterk fokus op resultate.

2. kan op hulself staat maak en het baie selfvertroue, vasberadenheid en is toegewyd om te alle tye hulle beste te doen.

3. kan effektief met mense omgaan.

2. is positief, aangenaam en gretig om mense te ontmoet en hulle tevrede te stel.

3. is nuuskierig, intuïtief en geniet nuwe uitdagings.

4. is ambisieus en het die vermoë om onvolledige inligting te beoordeel en daarop te reageer.

[Aangepas uit: *Succeed*, Desember 2006]

Ontleed enige DRIE eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur.
Gebruik die voorbeelde uit die uittreksel om jou antwoord te ondersteun. (12)

3.3 Bongani Algemene Handelaars se onderneming is nie verseker nie. Jy is 'n versekeringsagent. Bongani nader jou om hom oor versekering te adviseer. Jy voltooi 'n aansoekvorm vir Bongani Algemene Handelaars. Die maandelikse premie word bereken as R2 800 vir 'n totale waarde van goedere ten bedrae van R2 800 000.

3.3.1 Identifiseer die tipe versekering wat Bongani benodig en gee EEN rede waarom hierdie versekering voordelig vir hom is. (4)

3.3.2 Bongani meld dat die premie van R2 800 per maand nie binne sy begroting is nie. Watter advies kan jy aanbied? Maak TWEE voorstelle. (4)

3.4 Bestudeer die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**Investeringsgeleenthede en Opbrengste**

Drie familielede, Bob, Sam en Rina, ontvang in Januarie 2005, R400 000, R200 000 en R300 000 onderskeidelik uit hulle oorlede oupa se boedel.

Bob belê onmiddellik sy R400 000 in vaste eiendom in Ballito, 'n kusoord in KwaZulu-Natal. In September 2007 het die plaaslike regering goedkeuring verleen vir die konstruksie van die nuwe King Shaka Internasionale Lughawe en dit het die aanvraag na residensiële eiendom in die omliggende omgewing bevorder. In Desember 2007 ontvang Bob 'n aanbod van R500 000 van 'n eiendomsagent en verkoop sy eiendom.

Sam, aan die ander kant, belê sy R200 000 in Gold Reef-aandele. Hy koop in Januarie 2005, 20 000 aandele teen R10 elk. In Desember 2007 verkoop Sam al sy aandele teen R20 elk.

Rina belê haar R300 000 vir twee jaar in 'n vastedeposito-rekening by 'n handelsbank en verdien 'n rentekoers van 15% p.j.

3.4.1 Ontleed elke familielid se belegging met betrekking tot die risikofaktor vir die twee-jaar-periode. (6)

3.4.2 Bepaal watter belegging die grootste opbrengs verdien het. Dui die berekeninge aan om jou antwoord te bevestig. (10)

3.4.3 Noem die instelling wat aandele in Suid-Afrika koop en verkoop. (2)

3.4.4 Noem TWEE funksies van die instelling soos in VRAAG 3.4.3 genoem. (4)

3.4.5 Beveel TWEE maniere aan om in hierdie instelling te belê. (4)

3.5 Fanie Botha is 'n advertensiekonsultant. Hy is die eienaar van Bemarkings-oplossings in Sandton. Hy wil sy reklameagentskap bekendstel en nooi bemarkingsbestuurders na 'n aanbieding.

Hy maak 'n aanbieding gebaseer op verkoopsyfers van Sanele se Uitlaatpyp-en-bande-onderneming, wat reeds die afgelope twee jaar van sy dienste gebruik maak.

**Sirkelgrafiek van Sanele se Uitlaatpyp-en-bande-onderneming verkope vir die vier kwartale van 2007**




3.5.1 Gee EEN rede waarom Fanie die verkoopsyfers van Sanele se Uitlaatpyp-en-bande-onderneming gebruik het. (2)

3.5.2 Wat het, na jou mening, die verkoopsyfers beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (4)
**[60]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Reënboog Motors**

Reënboog Motors is 'n goed gevestigde motorhandelaar geleë in Bisho in die Oos- Kaap. Hierdie handelaar spesialiseer in die verkoop van nuwe sowel as gebruikte voertuie. Gedurende die vorige jaar, het Reënboog Motors twee nuwe werkers in die verkoopsafdeling aangestel. Beide werkers was swart vroue. Die verkoopsafdeling het ook drie manlike werkers, naamlik twee wit en een gekleurde werker.

Baie van hierdie werknemers koop hulle nuwe voertuie by Reënboog Motors. Na 'n paar maande, het die swart vroulike werknemers die beste verkoopsyfers in vergelyking met vorige jare bereik.

Op grond van hierdie prestasie, is een van die swart vroue, me. Beauty Khuzwayo, tot verkoopsbestuurder bevorder. Dit het ernstige probleme in die verkoopspan veroorsaak waar werknemers hulleself op rassegrondslag gedurende rustye gegroepeer het. Daar was openlike konflik ten opsigte van die uitvoering van pligte tussen die verkoopsbestuurder en die personeel onder haar toesig. Daar was geen samewerking nie en ook 'n gebrek aan motivering.

Me. Beauty Khuzwayo het besigheidskaartjies gedruk en al die plaaslike maatskappye besoek ten einde Reënboog Motors bekend te stel terwyl die ander verkoopspersoneel vir 'in-stap'-besigheid wag. Hulle het nie die besigheidsperseel verlaat om Reënboog Motors te bemark nie.

Die ongelukkige werknemers het 'n skriftelike beswaar by die bestuur ingedien oor die bevordering en die verwaarlosing van die welstand van werknemers. Hulle beskuldig die bestuur daarvan dat senior verkoopspersoneel oorgesien word in die bevorderingsproses. Hulle het 'n skriftelike antwoord van die bestuur versoek.

4.1.1 Beskryf DRIE oorsake van konflik binne Reënboog Motors. Gebruik die inligting in die gevallestudie om jou antwoord te ondersteun. (6)

4.1.2 Veronderstel jy is die bestuurder van Reënboog Motors. Noem enige VYF stappe wat jy sal volg om die konflik op te los. (10)

4.1.3 Reënboog Motors se werknemers behoort nie aan 'n vakbond nie. Adviseer die werknemers of hulle by 'n vakbond moet aansluit of nie. Gee VIER redes om jou besluit te ondersteun. (10)

4.1.4 Een van die werknemers van Reënboog Motors is onlangs afgedank. Daar is beweer dat die bestuur hom daarvan beskuldig het dat hy onder die invloed van drank was terwyl hy aan diens was. Dit is nie met die werknemer bespreek nie en hy moes onmiddellik die diens verlaat. Gee SES redes waarom jy van mening is dat hierdie afdanking onbillik is. (12)

4.1.5 Een van die klagtes oor Reënboog Motors was dat die bestuur nie die welstand van die werknemers in die werkplek in ag neem nie. Verduidelik enige TWEE maniere waarop jy hierdie situasie sal verbeter. (6)

4.2 Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

## DEPARTEMENT VAN WERKE
## KWAZULU-NATAL

**Vroulike persone en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen ten einde aan die Departement se doelwitte vir gelyke indiensneming te voldoen**

### MENSLIKEHULPBRON-PRAKTISYN: PERSONEELVOORSIENING

SALARIS: R132 054 per jaar
SENTRUM: HOOFKANTOOR (PIETERMARITZBURG )

VEREISTES:
- 'n Erkende Nasionale Diploma in Menslikehulpbron-bestuur of 'n gelykwaardige kwalifikasie met hoofvakke Menslikehulpbron-bestuur, Personeelbestuur of Bedryfsielkunde plus 'n grondige kennis van Menslikehulpbron-bestuur OF 'n Senior Sertifikaat met twee jaar ervaring 'n in menslikehulpbron-omgewing.
- 'n Geldige Kode EB-bestuurderslisensie en rekenaarvaardigheid.

VAARDIGHEDE:
- Kennis van Persal-stelsel, kommunikasie, navorsing en skryfvaardigheid.
- Kennis van voorskrifte wat Menslike Hulpbronne reguleer in die publieke sektor, vermoë om voorskrifte en relevante wetgewing te interpreteer.
- Analitiese denke en konflik-oplossingsvaardighede.
- Goeie administratiewe vaardighede.

SLEUTELPRESTASIEGEBIEDE:
- Koördineer die werwingsproses.
- Voorbereiding van voorleggings aan hoofbestuur vir die vul van poste.
- Advies en hulpverlening aan streekskantore ten opsigte van personeelvoorsiening en verwante beleide.
- Uitvoer van posevaluering binne die Departement.
- Insette aan Menslikehulpbron-beplanning.

Navrae: Me. CG Sikhakhane Tel.: 033 897 6383

DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIE: KWAZULU-NATAL IS 'N GELYKE GELEENTHEID, REGSTELLENDE-AKSIE-WERKNEMER.

Aansoeke moet ingehandig word op die voorgeskrewe Z83-vorm, verkrygbaar by enige staatsdiensdepartement en moet vergesel word van 'n volledige Curriculum Vitae. Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies, ID en bestuurderslisensie moet aangeheg word.

Aansoeke wat nie aan die bogenoemde instruksies voldoen nie, sal gediskwalifiseer word. Gefakste kopieë sal nie oorweeg word nie.

Rig u aansoek en die naam van die publikasie waarin u die advertensie gesien het, aan: Hoof: Werke, Privaatsak X9142, Pietermaritzburg, 3200, duidelik gemerk vir aandag: mnr. IM Meyiwa.

Kandidate word aangeraai om nie hulle aansoeke per geregistreerde pos aan te stuur nie, aangesien die Departement nie verantwoordelikheid sal aanvaar vir die nie-afhaal van sulke aansoeke nie.

Let asseblief daarop dat as gevolg van die groot aantal aansoeke wat ons verwag, aansoeke nie erken sal word nie. Indien u nie binne (3) maande deur die kantoor ingelig word of voor die sluitingsdatum van hierdie advertensie nie, aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Dit is die aansoeker se verantwoordelikheid om buitelandse kwalifikasies te laat assesseer vir gelykstelling by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO)/ South African Qualifications Authority (SAQA).

**SLUITINGSDATUM: 7 SEPTEMBER 2008**

[Aangepas uit: *Career Alliance,* 28 Aug. – 3 Sept. 2007]

4.2.1 Noem die pos se benaming. (2)

4.2.2 Veronderstel jy doen aansoek vir hierdie pos. Noem enige TWEE belangrike aspekte wat op jou van toepassing is. Gee redes vir jou antwoord. (6)

4.2.3 Bereken die bruto maandelikse salaris vir die geadverteerde pos. (4)

4.2.4 Hoe voldoen hierdie advertensie aan die regering se inisiatief van inklusiwiteit? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 5

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**Gugulethu Meubelvervaardigers**

Gugulethu Meubelvervaardigers is naby Kaapstad geleë. Die entrepreneur ontvang sy inkomste deur die verkoop van vervaardigde huishoudelike meubels soos tafels, stoele en kombuiseenhede, wat aan verbruikers in die Wes-Kaap verkoop word. Die bestuur het onlangs opgemerk dat verkope afneem. Die entrepreneur hou op 22 September 2008 'n vergadering tussen bestuur en werkers.

Die werknemers lewer die volgende insette:

1. Werknemers is ongelukkig met bestuur omdat daar geen vakbond is wat hulle arbeidsgriewe met bestuur kan opneem nie.
2. Werknemers verklaar dat die goedkoop invoer van huishoudelike meubels die maatskappy beïnvloed en ook 'n uitwerking op hulle voortgesette indiensneming sal hê.
3. Werknemers ontvang geen mediese bystand of ondersteuning vir diegene met MIV/Vigs nie.
4. Werknemers kla oor die geraasvlakke van die masjinerie wat hulle gehoor affekteer.

Bestuur stel die volgende:

1. Veldbrande gedurende die droë wintermaande het 'n ernstige uitwerking op die aanbod van grondstowwe gehad, wat produksie belemmer het.
2. Die nuwe kredietwet het 'n negatiewe invloed op kredietaansoeke en baie van die kliënte voldoen nie aan die minimum vereistes nie.
3. Gugulethu Meubelmakers het 'n lening van R500 000 van African Bank teen 'n rentekoers van 16% p.j. verkry. Die maandelikse terugbetaling het verhoog as gevolg van 'n hoër rentekoers.
4. Verkoopspersoneel bied nie vervaardigde goedere te koop aan met genoeg oortuigingskrag nie.
5. 'n Bekwame werknemer het onlangs bedank en sy eie meubelvervaardigingsbesigheid in Gugulethu geopen. Dit is net vyf kilometer verder geleë.

Identifiseer die uitdagings soos geopper en klassifiseer hulle volgens die DRIE besigheidsomgewings. Stel praktiese metodes of strategieë voor wat hierdie vervaardiger kan gebruik om hierdie uitdagings te bestuur/kontroleer en te oorkom. Maak aanbevelings aan Gugulethu Meubelmakers of hulle moet voortgaan om in hierdie sektor bedrywig te wees. **[40]**

**VRAAG 6**

Verskeie kriteria beïnvloed die sukses of mislukking van 'n onderneming. Voornemende besigheidspersone moet die nodige oorweging skenk aan hierdie kriteria wanneer die ondernemingsvorm gekies word.

Bespreek die invloed van kapitaal, bestuur, verdeling van winste en wetgewing as faktore wat tot die sukses of mislukking van ’n eenmansaak en beslote korporasie kan bydra.

Maak, op grond van bogenoemde faktore, 'n aanbeveling rakende die soort eienaarskap aan 'n entrepreneur wat 'n klein besigheid wil begin wat skoene verkoop. Regverdig die redes vir jou aanbeveling. **[40]**

**VRAAG 7**

In Suid-Afrika is baie besigheidsmense hoogs suksesvol in hulle besigheidsondernemings. Dit kan toegeskryf word aan verskillende bestuur- en leierskapstyle wat hulle in hulle onderskeie besigheidsorganisasies volg.

Onderskei kortliks tussen bestuur en leierskap en bespreek dan DRIE verskillende bestuurs- en leierskapstyle wat uitstaande sukses vir die besigheid verseker. Gebruik voorbeelde om die toepassing van hierdie style in die werksplek te bespreek. **[40]**

**VRAAG 8**

Jabula Supermark het sekere besigheids- en bestuursfunksies wat deur bestuurders van verskillende departemente binne die organisasie uitgevoer word. Op die jaarlikse algemene vergadering het mnr. N Nkosi, as algemene bestuurder, gerapporteer dat die kwaliteit van werkverrigting binne hierdie besigheidsfunksies aansienlik tot die sukses van die besigheidsonderneming kan bydra.

Identifiseer en bespreek enige VYF besigheidsfunksies. Ontleed hoe die kwaliteit van werkverrigting van hierdie funksies tot verhoogde winsgewendheid van die besigheid kan bydra. Jou antwoord moet ook insluit of jy met mnr. Nkosi se stelling saamstem of nie. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou